**BESEF JY DIS DIE LAASTE UUR?**

In 1 Yahuganan 2:18 word gelowiges daaraan herinner dat dit die laaste uur is. In die lig daarvan word hulle opgeroep om elke dag te lewe soos mense wat wéét dat dit die laaste uur is. Is óns daarop ingestel om elke dag te leef soos mense wat weet dat dit die laaste uur is? Is ons gedrag en ons ingesteldheid teenoor die lewe eindtyd-georiënteerd? Is ons besig om alles in die stryd te werp om seker te maak dat die koms van die Messias en die voleinding van hierdie bedeling ons nie soos 'n dief in die nag oorval nie? Die Skrif sê onomwonde dat iemand wat nie deeglik hiermee rekening hou nie, 'n dwaas is wat dobbel met die redding en die shalom wat Yahweh vir hom bestem het. Kom ons kyk na die aanwysings in hierdie hoofstuk (1 Yahuganan 2) oor hoe ons in die laaste uur behoort te lewe.

Ons behoort die wil van Yahweh te alle tye bokant die wêreld en sy begeerlikheid te stel (vers 17).
Ons behoort die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe te sien vir wat dit werklik is (vers 16 " vgl. Bereshiet 3:6).
Ons behoort seker te maak dat die Woord van Elohiem (die "ou gebod" - vers 7) onder alle omstandighede in ons bly (vers 14).
Ons behoort die feit dat ons sondes vergewe is om sy Naam ontwil, as ons kosbaarste besitting te bewaar (vers 12).
Ons behoort met alles wat ons het, daarteen te waak om die ware broeders (en susters) in die Messias te haat (vers 9-11).
Ons behoort in woord en daad só te wandel soos die Messias gewandel het (vers 6).
Ons behoort 'n getuienis uit te dra waarin ons woorde en ons dade mekaar nie weerspreek nie (vers 4).

As ons nougeset hierdie roete volg, kan ons seker wees dat ons aan die Messias verbind sal bly, "sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie" (vers 28). Niks in hierdie lewe is belangriker of van groter waarde as dit nie.